kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Onse Vader

Aan U behoort
die aarde
die hemel
en alles wat daar is

Ons staan in stil verwondering
voor die grootsheid van U skepping
U almag

Gee dat U grootmoedigheid
U regverdigheid
en U liefde
uit ons menswees straal

Gee ons vandag
die hoop en die krag
wat ons nodig het

Vergeef ons
waar ons verkeerd opgetree het
soos ons probeer
om te vergewe
dié wat ons seergemaak het

Bewaar ons van eie-trots,
van hebsug, van oordeel uitspreek
en van moed-opgee

Laat
wat U vir ons lewens beplan
gebeur

Ons vra dit
omdat ons weet
U genade
is oneindigend

Amen

Marie de Kock

Woorddiens

Tema: "Kyk na jou lewe. Wat maak regtig saak?"

Skriflesing 1: Hosea 11:1-11

Skriflesing 2: Lukas 12:13-21 (1953)

13 EN een van die skare sê vir Hom: Meester, sê vir my broer
dat hy die erfenis met my moet deel.
14 Maar Hy antwoord hom: Mens, wie het My as 'n regter of
deler oor julle aangestel?
15 En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die
hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed
van sy besittings nie.
16 Toe vertel Hy hulle hierdie gelykenis: 'n Ryk man se
grond het goed gedra.
17 En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek
doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel
nie?
18 Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en
groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed
insamel.
19 En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat
weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik.
20 Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal
hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie
s'n sal dit wees?
21 So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en
nie ryk is in God nie.

Broodjies vir die Pad

Theologians have traditionally sought to balance the *kataphatic* and *apophatic* ways of describing God. The kataphatic, "with images," allows us to use human words meaningfully in our descriptions of God. From this perspective, we can legitimately use terms such as "father" and "mother," "rock" and "shepherd." We can even portray God as having an emotional life not unlike our own, utilizing language such as "love," "mercy," "anger," "decision." Without the balance of the apophatic, "without images," kataphatic language can become too human centered, too anthropomorphic. Without the balance of the apophatic, images of God become the magnification of human impulses, most especially those that are destructive and judgmental.

[...]

We can, as Paul Tillich notes in his concept of "ultimate concern," focus our lives on realities that fade away and cannot support us in times of crisis or we can center our lives around God's way of life, rejoicing in the day and living interdependently with all creation. Our ultimate concern can make or break us: if we focus primarily on worldly success in its many forms, we will be left bereft when aging, illness, failure, and alienation disable or disillusion us. In seeing God as our ultimate concern, our lives focus on God's moment by moment visions for us and our communities. We see our well-being intimately related to the well-being of others. Our largesse is merely a means to support the well-being of our loved ones and the larger community. The rich man is utterly devastated when his fortune slips, like sand, through his or her fingertips. But, even the wealthiest have an opportunity for creative transformation. They can place God's visions ahead of greed, power, and comfort. They can become persons of spirit rather than consumers and materialists.

http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary/yearc/2013-08-04/proper-13

◆◆◆

Biblical narratives do not use esoteric, specialized language to discuss concepts, principles or any kinds of abstractions; they use plain, ordinary, everyday language to reach a life or death conclusion on which one can stake one's life. Today's appointed readings and gospel answer the question: When I come to the end of my life, what will I have discovered mattered the most? And they answer this question with an urgency that impels us to discover that the sooner we answer that question, the fuller our lives can be. In a plain sentence of mostly monosyllabic words, Jesus says: "one's life does not consist in the abundance of possessions."…

In his essay, "The Logic of Jesus, the Logic of God," (found in Figuring the Sacred), Paul Ricoeur writes first "of human logic, our logic." Although he is writing about specific human assumptions about fairness and justice, his contrasting insights can be applied to most human assumptions about value, equivalency. "But the logic of God, the logic of Jesus, the logic of Paul is quite another matter. This logic is one of excess, of superabundance." (p 279) Deciding and living one's life through "the logic of superabundance"-- which Ricoeur finds instigated in the biblical experience of creation, Torah, parables of Jesus, his cross and resurrection-- turns nihilism inside out. It replaces fear, hoarding, futility with generosity and hope. "Hope means the 'superabundance ' of meaning as opposed to the abundance of senselessness, of failure, of destruction," Ricoeur writes in another essay in the same collection. And then he continues: "for seen from the standpoint of hope, life is not only the contrary of but the denial of death.... (emphasis added) It interprets in a creative way the signs of superabundance of life in spite of death." (pp 206-207) The personal tragedy of hoarding is that we die before death comes to us and only then do we realize that we had been dead for years! Misplaced security leads to cynical assumptions; deciding that life is a gift of "superabundance" of which I am a recipient and can be a beneficiary to others leads to generosity, hope, action and the possibility that we will have really lived before we finally die. It cheats death in all its forms!

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/07/proper-13-year-c.html

Brood vir die Pad

Om in die kerk ruimte te maak vir mistiek

Wilhelm Jordaan

Al hoe meer gelowiges beleef verstarring in hul godsdiens en verkies eerder ’n soort spiritualiteit; dikwels van ’n buitekerklike aard. Wat diesulkes begeer, is ’n bietjie meer mistiek en verwondering; minder voorskrifgeloof en vryer gesprek oor wat dit beteken om gelowig te wees.

Baie tradisievaste kerkmense verset hulle egter daarteen. Sommige stel spiritualiteit gelyk aan spiritisme, terwyl nog ander reken spiritualiteit vervreem jou van God en die kerk.

Die ironie is dat mistiek, as uitdrukking van spiritualiteit, ’n ou tradisie in die kerk is. Bekende kerkfigure soos Thomas Aquinas, Francis van Assisi en Meister Eckhart is voorbeelde van mistici. Daar word ook gesê Jesus self was ’n mistikus en dat dit onder meer duidelik na vore kom in die “Evangelie van Thomas”, wat nie deur die kerk erken word nie. Soos in vers 70, waar Jesus sê: “As julle voortbring wat in julle is, sal dít wat julle voortbring julle red; as julle nie voortbring wat in julle is nie, sal dít wat julle nie voortbring nie, julle vernietig.” Een uitleg is dat dié vers, saamgelees met sekere Bybelverse, verwys na kragte en vermoëns wat ín jou is, maar wat as’ t ware bedek word deur godsdienstige muggiesiftery, manipulerende moralisering en dogmatiese wettiesheid. Deur só te leef, versuim jy om waarlik mens te wees.

’n Belangrike rede waarom die mistiese tradisie getaan het, was dat die vroeë georganiseerde kerk gereken het sekere mistiese praktyke bedreig die “goeie orde” en ondermyn die kerk se gesag oor mense. En dit het gemaak dat kerkmense algaande die eie spirituele ervaring belangriker as kerklike leerstellings geag het. Dieselfde verdag bestaan vandag nog.

Die herontwaking van mistiek is egter onstuitbaar. Toe die Rooms-Katolieke teoloog Karl Rahner (bekend vir sy omstrede siening oor “anonieme Christenskap” en die “transendente belewenis” van God buite die kerk) gevra is hoe hy die Christendom se toekoms sien, was sy antwoord: óf die mistiek óf niks.

Hedendaags preek predikante plek-plek vanuit ’n teologie van verwondering en ontvouende misterie. Dit is ’n belangrike voedingsbron van spirituele herontwaking in dié sin dat dit mense bewus kan maak van ’n onverkende en ongeleefde “kern” van hul mensheid.

Daarom praat mense wat iets van dié “kern” beleef, dikwels van buitengewone belewenisse: verligting, heling, blydskap, oorgawe aan liefde en deernis en ’n ervaring van eenheid met alles en ’n omhelsing van die ganse kosmos.

Wat seker is, is dat spiritualiteit ’n enorme uitdaging aan die kerk rig: om in die prediking en in die pastoraat ’n veilige ruimte te skep vir mistiek waardeur mense hul unieke vorm van spiritualiteit kan ontdek en uitleef.

Gebeur dit nie, sal dié behoefte elders ’n tuiste vind. Of sielsverlammend stagneer.

http://www.dieburger.com/opinie/2013-07-30-van-alle-kante-om-in-die-kerk-ruimte-te-maak-vir-mistiek

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877